

## **Internasionale Vertaaldag: Vier Menslike Verbondenheid**

**Kim Wallmach en Susan Lotz\***

Regoor die wêreld vier professionele vertalers en tolke op 30 September Internasionale Vertaaldag. Hierdie dag is ook die feesdag van die groot Bybelvertaler, die Heilige Jeronimus, die beskermheilige van vertalers. Twee persoonlike bekennisse is hier in orde: (i) Ons het beslis 'n beskermheilige nodig, veral wanneer ons tot laatnag toe sit en werk, wat nogal dikwels gebeur; en (ii) Vertaaldag skitter op die kalenders van vertalers en tolke, aangesien dit 'n dag is waarop ons ons werk erken en vier – werk wat gewoonlik agter die skerms gebeur, en te dikwels nie erkenning ontvang nie. Ons is inderdaad dankbaar vir 'n vieringsdag wat die aandag fokus op die rol wat professionele vertaalwerk speel om nasies met mekaar te verbind en in die bevordering van vrede, begrip en ontwikkeling.

Ná meer as 'n jaar van fisiese afstand van mekaar weens Covid-19, is die tema vir vanjaar se Internasionale Vertaaldag, 'Verenig in vertaling', veral gepas – vir vertalers, tolke en almal wat baat by ons werk. Hoewel ons soms onerken voel wanneer ons onder druk werk (veral in die middel nag, druk aan die tik, of wanneer hoëvlakvergaderings van die huis af getolk word), is baie al gedoen om vertalers en tolke te verenig en ons praktykgemeenskap tot beroep te maak. Universiteite regoor die land (bv. die Universiteit Stellenbosch, die universiteite van die Vrystaat, Pretoria, Johannesburg en die Witwatersrand) bied opleidingsprogramme in vertaling en tolking aan, en ons het ook 'n aktiewe beroepsliggaam in die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut.

### **Praat of skryf?**

Wanneer daar in die breë sin na vertaling verwys word, verwys dit dikwels ook na tolking. Hoewel vertaling en tolking albei die oordrag van betekenis uit een taal na 'n ander behels, lê die verskil in die manier waarop die betekenis aangebied word. Vertaling is 'n skriftelike onderneming, terwyl tolking die gesproke woord of gebare behels.

Tolking kan op verskillende maniere plaasvind. Dit kan konsekatief – met ander woorde opeenvolgend – geskied, wat behels dat die spreker eers praat en die tolk dan die boodskap daarna, of met tussenposes tydens die gesprek of toespraak, in 'n ander taal oordra. Of die tolking kan simultaan voorsien word – feitlik saam met die spreker wat die boodskap lewer. 'n Voorbeeld van simultane tolking (na Suid-Afrikaanse Gebaretaal) waarmee ons almal vertrou is, is die tolking wat op ons skerms beskikbaar is wanneer ons die 'gesinsvergaderings' met President Ramaphosa, wat deel van ons huidige werklikheid geword het, bywoon.

### **Hoe tegnologie ons help om betekenis oor te dra**

Die feit dat ons in 'n geglobaliseerde en digitale wêreld woon, beïnvloed al hoe meer die wyse waarop vertalers en tolke te werk gaan om mense met mekaar te verbind. Vertalers kan nou rekenaargesteunde vertaalhulpbronne gebruik om meer konsekwente vertalings vinniger en meer doeltreffend aan kliënte regoor die wêreld te lewer, terwyl tolke ook nou afstandwerk kan doen.

Die pandemie was veral vir tolking revolusionêr. Simultane afstandstolking word reeds

geruime tyd vir Suid-Afrikaanse parlamentsittings en die sittings van sommige provinsiale wetgewers gebruik, waar tolke met behulp van inligtings- en kommunikasietegnologie met hulle gehoor op 'n ander plek in verbinding tree. Sedert Covid-19 egter die land in Maart 2020 getref het, word aanlyn platforms soos Skype, MS Teams en Zoom meer geredelik vir afstandstolking van konferensies en opvoedkundige aanbiedinge ingespan. Byvoorbeeld, oor die afgelope jaar en ses maande moes die akademici aan talle universiteite hulle lesings aanlyn begin aanbied. Aan die Universiteit Stellenbosch het dosente en studente ook eerstehands kennis gemaak met hoe simultane opvoedkundige tolking tydens aanlyn lesings moontlik gemaak kan word: soos die lesing plaasvind, intyds, op MS Teams of Zoom. Ons was ook in staat om opvoedkundige tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal aanlyn te bring. Tegnologie stel ons inderdaad in staat om aan te hou werk en met mekaar verbind te bly, selfs tydens die pandemie, toe ons nie meer fisies in kontak kon kom nie.

### **Konteks in aanlyn vertaling**

Selfs intydse aanlyn kontak kan egter nie die volle ervaring van in iemand anders se teenwoordigheid wees, vervang nie, deels omdat ons eenvoudig nie dieselfde fisiese konteks deel as ons nie bymekaar is nie. Konteks is ook baie belangrik om in ag te neem wanneer aanlyn vertaaltoepassings soos Google Translate gebruik word. Die onmiddellike aard van Google Translate kan ons dalk oormatige vertrouwe gee in die vermoë van tegnologie om al ons taalstruikelblokke te oorkom. Hoewel Google Translate ons onmiddellik die gevoel kan gee dat ons iets van teks in 'n ander taal verstaan, moet ons onthou dat masjienvertaling een noodsaaklike aspek van verbinding nie in berekening kan bring nie: konteks. Nóg die konteks van die woorde wat ons in die stelsel invoer, nóg die konteks wat tot die woorde se betekenis bydra wanneer hulle vertaal is, word outomaties tydens masjienvertaling in berekening gebring.

Konteks rig vertaalkeuses vir menslike vertalers; wanneer ons dus geoutomatiseerde uitsette kies, moet ons in gedagte hou dat masjienvertaling nie konteks kan inkorporeer nie. As die stelsel waarop ons werk, opgelei is met soortgelyke tekste as die een wat vertaal word, is ons kansse beter om uitsette van beter gehalte te kry. Met Google Translate weet ons eenvoudig nie watter tekste gebruik is om daardie wonderbaarlik-ingewikkelde neurale netwerke waaruit Google Translate bestaan, op te lei nie. As ons wel verkies om masjienvertaling te gebruik, sal ons ongetwyfeld steeds menslike ingryping (ná-redigering) nodig hê om seker te maak dat ons vertaling vir die beoogde doel geskik is – dat dit werklik tot die beoogde gehoor spreek en hulle betrek. Soos met tegnologie op enige gebied, lê die geheim van die doeltreffende inspanning daarvan daarin om te verstaan wat dit kan doen en wat dit nie kan doen nie, en dit dienooreenkomstig te bestuur. En as 'n mens 'n boodskap doeltreffend in gewone taal wil kommunikeer, is daar steeds geen plaasvervanger vir die professionele taaldiens wat gehalteversekering en gekwalifiseerde personeel met kommunikasieontwerp integreer nie.

In 'n land met elf amptelike tale is daar groot uitdagings en ook groot geleenthede vir die bevordering van meertaligheid en gemeenskaplike begrip onder mense. Ons kies om die rol wat vertaling en tolking kan speel om 'n onderlinge verbondenheid tussen mense uit uiteenlopende taalagtergronde te skep, raak te sien en vreugde daaruit te put. Ons wil jou uitnooi om Internasionale Vertaaldag saam met ons te vier, waar jy ook al is, en jou oop te stel om opnuut te beseef hoe die oordrag van betekenis tussen tale kosbare skakels skep vir

verbondenheid tussen mense.

***\*Dr Kim Wallmach is die Direkteur van die Universiteit Stellenbosch Taalsentrum.  
Susan Lotz is 'n taalpraktisyn en inhoudskoördineerder by dieselfde sentrum.***